DIE GEREFORMEERDE KERK PIETERSBURG

DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

# DIE GEREFORMEERDE KERK PIETERSBURG

# Die Basuin



**03 MAART 2019**

**Predikant: Ds. S.P. Venter**

**Pastorie: 015 296 1840**

**Sel: 082 809 0222**


**Epos: sarel.pventer@gmail.com**

**Tema 2019 - VOLUIT VIR GOD**

**OGGENDEREDIENS** **Ds. Sarel Venter**

**Skriflesing** Lukas 14: 15 - 24

**Tema** Kom deel in God se genade.



Psalm 115: 1, 7
Skrifberyming 12-3: 1,2
Psalm 40: 4
Skrifberyming 15-7: 4, 5
Psalm 23: 3
Psalm 116
Onse Vader
Psalm 103: 9, 11

EREDIENSTE VANDAG:
Oggend: 09H00
Aand : Geen

Salig is elkeen wat hoor en glo. Daarmee saam loop die opdrag om aan God gehoorsaam te wees. In die gelykenis handel dit oor die opdrag van die Here: Kom eet saam. Ons hoor van baie wat genooi is en tog nie kom nie. Daarom gaan die Here weg van die normale en roep alle mense wat hoor dat daar genade is. Die Here het Sy dienskneg gestuur om ons te leer dat ons 'n geskenk ontvang het, om te mag aansit en saam met ons Gasheer Jesus Christus te eet. Dit wys na die groot maaltyd van die Lam, wat 'n ewige maaltyd vir die gehoorsames sal wees.

## Nagmaalete vandag 12H00

Moet nie vergeet van ons nagmaalete vandag nie.

Sien julle almal 12H00 hier by die kerk!

NB : ONTHOU JULLE EIE EETGEREI EN SLAAIE !

**Ons sien uit daarna om heerlik saam met u elkeen te kuier.**

# DATUMS OM TE ONTHOU

| | | | |
|---|---|---|---|
| **03 Maart** | **Kollektes** | **Tydens erediens:** | Diakonale sorg |
| | | **By deure:** | Spesiale fonds |
| **04 Maart** | **18:00** | Breëkerkraadsvergadering. | |
| **09 Maart** | **09:00** | Sustersaamtrek. | |



## KATKISASIE

Daar is geen katkisasie vandag nie.

## KONSISTORIEDIENSBEURT 03 MRT 2019

**Diensbeurt:** Wyk B4 **Katkisasie:** Geen

**Ouderling:** Stephan Coetsee **Diaken:** Danie Grobbelaar

## OOG VIR MEKAAR

- Ons innige simpatie met Louis Venter wie se ma, tannie Hester, die afgelope Woensdag oorlede is. Die begrafnis is DV Maandag om 11 uur.
- Cecelia Greyling moet DV Donderdag 'n breinoperasie in Benoni ondergaan. Baie sterkte vir jou en Frikkie. Ons bede is dat alles goed sal verloop.
- Ons bid vir Santjie Bester wat weer onder behandeling is.
- Hester vd Merwe is tans in Pretoria en sterk daar aan.
- Ons bly bid vir Lida Borman in die tyd van behandeling.
- Elma Venter ondergaan behandeling vir haar longe in Johannesburg.
- Ons bid vir Hennie Oelofse wat Dv. Dinsdag met chemo begin.
- Ons bid vir elkeen wat donker tye beleef. Mag God julle deur Sy Helige Gees lei en julle die krag gee om staande te bly en uiteindelik die lig in Christus te omhels.
- Tialeen vra 'n geleentheid volgende Sondag na Pretoria. Sy ondergaan DV die 11de 'n opersasie. Sy is ook dringend op soek na ‘n persoon wat ekstra Afrikaanse klasse vir kinders kan aanbied wat geen kennis van die taal het nie. Daar is vergoeding. Kontak haar dringend asb.

# ALGEMEEN

- ⇒ Gewillige "Buddy's" vir die Koningskinderskamp is nog steeds welkom.
- ⇒ Susters wat die Sustersaamtrek gaan Bywoon - betaal asb julle gelde by Comin vd Walt so spoedig as moontlik.
- ⇒ Ons herinner die susters van die naamlys op die bord, wat aandui wanneer hulle eetgoed moet voorsien of skink op die kerkraadsvergaderings deur die jaar.

# BEDIENING AAN VRAGMOTORBESTUURDERS

Die evangelisasiekommissie is besig om maniere van bediening aan vragmotorbestuurders, vir wie Polokwane 'n deurgang en stopplek is, te ondersoek. Ons is opgewonde oor die geleenthede wat die Here reeds besig is om te skep om die evangelie aan hierdie mense te bedien. Bid asseblief saam met ons en hou die Basuin dop vir verdere nuus!

Vir navrae of voorstelle kontak Andre Bakker (083 457 1711) of Esmari Potgieter (083 446 5511).

# OUDIODAGSTUKKE

Daar is oudiodagstukke vir huisbediendes en werkers in Engels/Sotho beskikbaar.

Indien u belangstel, kontak André Bakker per whatsapp 083 457 1711.

# TEESKINKBEURTE

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **03 Maart** | Nagmaal | **10 Maart** | Karin du Rand | C1 |
| | Geen Tee | | Larochelle du rand | C1 |
| | | | Magda Heinlein | C1 |
| | | | Rika Jongbloed | C1 |
| | | | Gerdien Kuijpers | C1 |



**Suster as jy nie beskikbaar is met jou teeskinkbeurt nie, ruil self met 'n ander suster uit asseblief!**

## SILWERDOPPERS KOEKSISTER PROJEK

Ons beoog om koeksisters te bak op Saterdag 30 Maart 2019 ten bate van die Silwerdoppers en skenkings uit die gemeente sal waardeer word. Op die kennisgewingbord is 'n lys van bestanddele wat benodig word. Skryf gerus u naam daarop. Hulp sal ook waardeer word.  Kontak asseblief vir Dina Vermeulen by tel 082 309 4418 vir enige navrae.



Bestellings by Dina of skryf jou naam op die kennisgewingbord. Kostes is R40 Per Dosyn

## SILWERDOPPERS

Die Silwerdoppers verkoop DV 15 Maart 2019  Vetkoek en maalvleis of soet vetkoeke. Ons doen 'n beroep op die gemeente - **ondersteun ons en adverteer by jou werksplek en/of vriende**, ons lewer af in die dorp voor 12:00 betyds vir middag ete.



Kostes :
Vetkoek met maalvleis R30.00
Soet vetkoek R20.00

Bestellings kan geplaas word by Cassie Carstens 081 354 3400, Marina v d Walt 072 135 6905 of Sarie Hatting 082 5670518

# Geskiedenis van die Gereformeerde Kerk in Pietersburg.[8]




Foto : Ds. C.E. Malan

Op 9 April 1948 word ds. C.E. Malan na Pietersburg beroep en word hy op 21 Augustus 1948 in die gemeente as die vierde voltydse predikant bevestig. Net voor die koms van ds. Malan het die kerkraad die ou pastorie verkoop en 'n erf in Pleinstraat aangekoop teen 450 pond vir die aanbou van 'n nuwe pastorie.

Met die aankoms van ds. Malan is die kerkraad gereorganiseer en daar word goeie aandag gegee aan die finansies van die kerk. Die lidmaattal van die gemeente groei in die tydperk sodanig dat 'n tweede nagmaalsbediening tydens die nagmaalnaweek ingestel word.

Ds. Malan het tydens sy bediening in die gemeente aktief deelgeneem aan aktiwiteite in die gemeenskap en op verskeie skoolkommissies gedien. Hy was ook lid van die Hospitaalraad en voorsitter van die Afrikaanse Skakelkomitee in Pietersburg. Dit was ook in ds. Malan se bedieningstydperk dat die eerste geluide gemaak is vir die bou van 'n nuwe kerk in die dorp.



Foto : Ds. D.N. Kotze

Ds. Malan se verblyf in die gemeente was egter nie lank nie en op 12 Januarie 1951 neem hy die beroep na Linden in Johannesburg aan. Na die vierde beroep na ds. Malan se vertrek aanvaar ds. D.N. Kotze vanaf Swartruggens die beroep na Pietersburg waar hy op 24 November 1951 in die gemeente bevestig word.

# BYBELSTUDIE

Die lys van Bybelstudiegroepe wat elke week vergader is soos volg:

| Groepleier | Tyd | Plek |
|---|---|---|
| Gideon de Klerk (082 805 8947) | Sondag, 10:30 | Van huis tot huis |
| ds. Sarel Venter (082 809 0222) | Dinsdag, 09:30 | Kerkgebou |
| Johan van Biljon (082 388 2117) | Woensdag, 18:00 | Van huis tot huis |
| Elzanne Botha (076 572 0991 | Sondag, 10:30 | Van huis tot huis |
| Annemarie Bakker (082 484 6267) of André Bakker (083 457 1711) | Woensdag, 19:00 | Herculesstraat no.6 |
| Alta Theron (015 – 296 2168) | Donderdag, 09:30 | Wesselstraat no.148 |
| ds. Sarel Venter (082 809 0222) | Woensdag, 18:30 | Bendor Pastorie |
| Betsie de Witt (084 209 4220) Marlene Hoogendyk (083 648 5397) | Sommige Sondae na katkisasie | Kerkgebou |

**Elke lidmaat in die gemeente word uitgenooi om in te skakel by een van die Bybelstudiegroepe. Dit is waar ons mekaar regtig leer ken, vriende word en mekaar ondersteun, waar die Christelike liefde spesiaal ondervind word**

Kontak Alta indien daar lidmate is wat in gesinsverband of tuisbybelstudie wil doen, altatheron@vodamail.co.za

Gebed
Daniël
Joël
Maleagi
Miga
Nahum
Groei in die Gees

Openbaring
Dood en hiernamaals
Jakobus
Die duiwel maak sin
Hebreërs
Die lewende kategismus
Beproewing




**Bybelstudies ook beskikbaar op die webblad www.gereformeerd.co.za**

# PLASINGS IN DIE BASUIN

Indien u enige inligting in die Basuin wil plaas kan u met sr. Elzánne Botha kontak maak by die kerkkantoor of die inligting per epos na die kerk se e-posadres stuur.

**Maak asseblief seker dat u enige inligting nie later as Donderdag 19:00 deurstuur nie.**

# KALENDER

| *Verjaarsdae* | | | |
|---|---|---|---|
| **Datum** | **Naam** | **Belydend/ Doop** | **Sel/Tel no.** |
| So. - 03 Mrt. | Colette du Plessis | B | 082 751 0796 |
| Ma. - 04 Mrt. | Nicolette Howard<br>Alissa Korff<br>Riette Venter | B<br>D<br>B | 015 297 0500<br>082 802 3740<br>079 522 7716 |
| Do. - 07 Mrt. | JP Coetsee | D | 079 490 2678 |
| Sa. - 09 Mrt. | Sharon vd Merwe | B | 082 561 2167 |

| **Huweliksherdenkings** | | | |
|---|---|---|---|
| **Huweliksdatum** | **Lidmate** | **Jare Getroud** | **Sel/Tel no.** |
| 04 Mrt. 1967 | Alta & Neels Botha | 52 | 082 546 6119<br>082 809 0408 |

# BEROEPENUUS

- BEROEPE ONTVANG
  Ds GP Meijer (Gerben) van Vryburg/Schweizer Reneke na Hendrina/Carolina-kombinasie
  Ds PJ Venter (Petrus) van Pretoria na Postmasburg

- BEROEPE AANVAAR
  Proponent G Janse van Rensburg (Gerhard) na Durban-Noord

**Preke**

Kan afgelaai word op:

www.gereformeerd.co.za

**Koster**
Elzánne Botha
015 296 0054

**Orreliste**
Barbara Nagel
083 260 9581
Marisa Linde
083 408 2100
Renchia Grobbelaar
072 634 3442

| | |
|---|---|
| **Kerkkantoor** | Elzánne Botha |
| Faksnommer | (015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks) |
| Epos | admin@gereformeerd.co.za |
| Webwerf | www.gereformeerd.co.za |
| Kantoorure | Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggend na erediens |
| **Bankbesonderhede** | |
| **Kerkkas** | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426 |
| **Diakonie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287 |
| **Koningskinders** | ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847 |
| **Geref. Susters Org. Pietersburg** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |
| **Aktiwiteitskommissie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo

*"Een van die wat saam aan die tafel was, het dit gehoor en vir Hom gesê: 'gelukkig is die man wat aan die maaltyd in die koninkryk van God kan deelneem.'"*

*Lukas 14 : 15*

***Almal is hartlik welkom vir 'n koppie tee of lekker boeretroos na afloop van die erediens***



ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS